# JEUGLES: Praise and Worship aand 4

## 1. Praise and Worship

## 2. Ysbreker: Naam Speletjie

- Elke groep staan in 'n sirkel
- Elke kind moet gou aan iets dink waarvan hulle hou
- hulle sê hulle naam vir die groep en doen dan 'n aksie wat pas by dit waarvan hulle hou
- Bv. as jy van netball hou maak jy of jy 'n bal indoel, rugby of jy 'n bal skop, eet of jy 'n hap uit iets vat.

## 3. Inleiding:

Jou naam is baie belangrik, wanneer jy iemand vir die eerste keer ontmoet is dit die eerste ding wat hulle van jou weet – jou naam. Mense word ook verskillende name genoem wat verskillende goed oor hulle sê: 'n Vrou kan bv 'n ma, ouma, vrou, tannie of juffrou wees. Elke naam sê iets van dit wat sy doen of iets wat sy vir iemand is.

Mense kan ook verskillende titels hê, wat ook vir ons iets van hulle sê: bv. Juffrou, Meneer, Mevrou, Dr, Ds, Professor.

Ons as kinders van God het ook 'n naam wat ons gebruik: Christen – en wanneer ons DIE naam gebruik verwag mense ook van ons 'n klomp goed – Vrugte vd Gees, want dit kom saam met die naam.

## 4. God se Naam

Soos wat ons baie name en titels het, so het God ook baie name en titels, en elkeen van hulle vertel (soos ons name en titels) vir ons iets van God – Wie Hy is en Wat Hy doen.

Ons het vanaand 'n Praise and Worship aand en gaan vanaand bietjie na die Name van God deur die aand kyk, sodat ons Hom beter kan leer ken, want dis wat God se Name doen. Jy leer Hom ken deur Sy name.

Voordat ons verder gaan moet ek net eers die volgende oor God se Name sê:

Eksodus 20: 7 "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie"

Wat beteken dit? Ons mag God se Naam nie gebruik asof dit net nog 'n woord in ons woordeskat is nie, of soos party mense as vloekwoord nie. O my God – OMG – Here en Jesus gebruik asof dit net nog 'n woord is nie!!!

## 5. Hoekom is God se naam so belangrik?

Ps 148:13 "Laat hulle die Naam van die Here prys, want sy Naam alleen is hoog verhewe, sy majesteit strek oor die aarde en oor die hemel"

Ps 9:11 "En hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou, omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o Here"

Spr 18:10 “Die Naam van die Here is ‘n sterk toring, die regverdige hardloop daarin en word beskut”

Rom 10: 13 “want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word”

**Sing:** My God

## 6. Elohim: Skepper, Almagtig en Sterk

Gen 1:1 “In die begin het God die hemel en die aarde geskape”

### Aktiwiteit:

Elke groep kry twee ballonne, blaas dit op en skryf dan daarop name waarmee julle God se grootheid en Almag sal beskryf. Gee dit dan vir my om op te hang.

### Gebed:

Elohim, U is Groot, Kragtig en Almagtig. Deur ‘n woord uit U mond het U die wêreld geskep. Daar is niemand groter en sterker as U nie. Ek is dankbaar dat U my gemaak het. Leer my om U te volg en te vertrou met alles wat binne my is. In Jesus se Naam, Amen

**Sing:** Hoe kan ek stilbly?

## 7. Jahweh Jireh – God wat voorsien

Gen 22:13-14 “En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens ‘n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem end it as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. En Abraham het die pla genoem: Die Here sal voorsien!

### Aktiwiteit:

God sorg vandag nog vir elkeen van ons, maar aan party dinge is ons so gewoond, of ons fokus so op die wat ons NIE het nie, dat ons nie eers meer raaksien wat ons HET, en dat God elke dag vir ons voorsien nie. Dink aan alles wat jy het en dat dit uit God se hand kom.

Elke kind kry ‘n kaartjie (seuns met seun op en meisies met meisie op) wat hulle vir hierdie aktiwiteit en nog 2 ander gaan gebruik, hulle neem dit saam huistoe aan die einde van die aand en sit dit in hulle Bybels.

Skryf op een deel van die binnekant van jou kaartjie al die goed neer wat jy het om voor dankbaar te wees – hoe en waar God vir jou voorsien.

**Gebed:**

Here, u is waarlik Jahweh Jireh. Soos U vir Abraham ‘n ram voorsien het, sodat hy nie seun hoef te geoffer het nie, so sorg U elke dag vir my en my familie. Dankie vir alles wat U vir ons gee en hoe U elke dag vir ons sorg. In Jesus se Naam, Amen

**Sing**: 10 000 reasons

## 8. Jaweh Shalom – God ons Vrede

Rigters 6:24 “Toe bou Gideon daar ‘n altaar vir die Here en noem dit: Die Here is Vrede”

**Aktiwiteit**:

God van Vrede het vir ons met Jesus se kruisdood ‘n manier gegee om vir ewig vrede met God te hê, sodat ons nie hel toe hoef te gaan nie. Die Heilige Gees kom help ons ook om die Vrede te hê binne ons moeilike omstandighede, soos ons met die Vrugte vd Gees les geleer het.

Elke kind skryf vir God ‘n ‘dankie briefie’ aan die ander kant van die kaartjie - dat Hy Jesus in ons plek laat sterf het sodat ons vrede met God kan hê en nie hel toe hoef te gaan nie.

**Gebed:**

Jaweh Shalom, ek het vanaand U vrede nodig, die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Ek word ingesluk deur die worries van my wêreld. Here, help my om op U te vertrou vir dit wat ek nodig het, en Jaweh Shalom, dat U vir my die vrede sal gee wat net van U af kom. In Jesus se Naam, Amen.

**Sing:** Yeshua

## 9. El Roi – God wat my sien

Gen 16:13 “Hagar het toe die Naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: “U is ‘n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het”

**Aktiwiteit:**

God sien jou raak, Hy weet van jou swaarkry en jou moeilike tye, Hy weet ook van jou gelukkige oomblikke. Hy is altyd by jou of dit goed of sleg gaan met jou. Hy is die God wat jou sien. Gebruik nou die voorkant van die kaartjie met die silhouette op skryf daarop wat jy wil hê God van jou moet ‘sien’ en moet weet.(nie dat Hy nie alles weet nie)

**Gebed:**

El Roi, net soos Hagar kom kniel ons vanaand voor U, en kom sê vir U dankie dat U die God is wat ons sien. Ons kom bid vanaand dat U elke behoefte en probleem van ons sal raaksien, en dat U ons sal kom help soos wat U die beste weet hoe. Dankie dat ons nie vir U onsigbaar is nie. In Jesus se Naam, Amen.

**Sing:** Die een wat my sien